

SINODALE DIENSRAAD

Terugvoer oor die vergadering van 26 November 2020

1. Die Sinodale Diensraad het sedert die inperking vir die eerste maal van aangesig tot aangesig **vergader** al was dit in 'n groot kerksaal waar ons op 'n afstand van mekaar gesit het. Dit was so lekker om mekaar weer te kon sien en die eerste uur van die sewe uur vergadering is hoofsaaklik gewy daaraan om persoonlike nuus van elkeen te hoor.
2. Een van die belangrikste besluite wat ons moes neem, was om die beplande **sinodesitting** van 7-10 Februarie te finaliseer. Ons het lank gepraat oor maniere wat ons as 340 afgevaardigdes van die oggend tot laataand vir vier dae sinvol met maskers en sosiale afstand kan vergader. Ons het gedink aan 'n oop tent in die warm Februariemaand en aan 'n onpersoonlike pawiljoen met kospakkies en vertroulike spreekbeurt. Uiteindelik het ons besef dat al het ons so 'n dringende behoefte om as groot familie saam te kom, die wette en grendeltyd dit nie moontlik maak nie. Daarom is besluit om die sinodesitting uit te stel tot die tweede helfte van die jaar of so gou as wat die Covid-19 beperkinge dit moontlik maak.
3. Daar is egter ook 'n baie belangrike besluit hiermee saam geneem naamlik om as familie baie meer **gereeld in kleiner groepe** te vergader. As Sinodale Diensraad wil ons fisies en via Zoom predikante en gemeentelidmers in kleiner groepe ontmoet om die familieband te versterk, vrae te beantwoord, aktuele temas te bespreek en mekaar te bemoedig. Ons beplan ook om voorbereidend vir die gesamentlike sinodesitting nou reeds te begin praat oor temas soos grondsake, plaasmorde, rass spanning, versoening, bediening in die grendeltyd en so meer. Ons wil ook via Zoom vir kerkrade help om besluite te neem oor die voorgestelde Familiereëls.
4. Ons het met dankbaarheid kennis geneem van die verskyning van 'n nuwe **amptelike vertaling van die Bybel**. Die vertaling probeer om so getrou aan die oorspronklike taal te wees en sal vir leraars en ernstige Bybelstudente 'n groot aanwys wees. Lesers wat reeds hierdie Bybel besit, getuig baie positief oor hierdie nuwe vertaling.
5. Ons het met groot dankbaarheid kennis geneem dat gemeentes steeds in hierdie moeilike grendeltyd finansiële oorleef. Ons dank die Here vir lidmate se voortgesette **offervaardigheid**. Ons dank die Here vir gemeentes wat juis in hierdie moeilike tyd steeds volhard om mense met die liefde van Christus te bedien.
6. Ons wil as Sinodale Diensraad vir almal in die Oostelike Sinode 'n **Geseënde Kerstyd** toewens. Mag ons in hierdie tyd groei en verdieping in ons verhouding met Christus en met ons geliefdes ervaar. Mag ons ook almal verkwik en geestelik sterk word in die komende vakansietyd.

Dirkie van der Spuy

Voorsitter Sinodale Diensraad